

Sondag 27 Augustus

Skrifgedeelte: Efesiërs 5:21-33

Fokusgedeelte: Efesiërs 5:29-31; HK Sondag 28, Antwoord 76

Die eenheid van Christus en die gelowige by die nagmaal

Deur die nagmaal word die gelowige se band met Christus op 'n besondere wyse versterk. Daarop wys die Kategismus as dit sê dat die nagmaal ook beteken dat ons deur die Heilige Gees, wat tegelyk in Christus en in ons woon, “al hoe meer *met sy geseënde liggaam* verenig word dat ons vlees van sy vlees en been van sy gebeente is.” Wat besonder opvallend is, is die feit dat die eerste Skrifgedeelte wat in die Kategismus gegee word as grond vir hierdie uitspraak Efesiërs 5:29-30 (in aansluiting by verse 31-32) is. Dit beteken dat die innige verbintenis tussen Christus en sy kerk met die nagmaal vergelyk word met die innige verbintenis tussen man en vrou in die huwelik soos dit in geslagsgemeenskap tot openbaring kom.

Calvyn beklemtoon hierdie eenheid van Christus en sy kerk by die nagmaal baie sterk in sy verklaring van 1 Korintiërs 11:24. Hy sê dat die weldade van Christus ons deel kan word slegs as ons Christus self aangeneem het. Ons het Christus self aangeneem nie alleen as ons glo dat Hy 'n offer vir ons geword het nie, maar as Hy werklik in ons woon, as Hy een is met ons, as ons lewende lede is van sy liggaam (Ef. 5:30), as ons in Hom geïnkorporeer is en één lewe en één substansie (wesenlike eenheid) met Hom word. Dan word ons siele gevoed met die substansie van sy liggaam sodat ons werklik één is met Hom. 'n Mens kan ook sê dat met die nagmaal die Gees lewendmakende krag uit die liggaam van Christus in ons uitstort, hoewel sy liggaam ver van ons af is. Die nagmaal is 'n hemelse handeling, en daarom is dit nie ongerymd dat Christus, hoewel Hy in die hemel is, deur ons ontvang word nie. Dit geskied deur die verborge krag van die Heilige Gees (vgl. Inst. 3.11.10). Op dié wyse word dinge wat, wat plek betref, ver van mekaar verwyder is, nie alleen bymekaar-gebring nie, maar ook tot een verenig. Elders sê Calvyn dat dit by die nagmaal gaan om 'n heilige eenheid waardeur die Seun van God ons in sy liggaam inlyf sodat Hy saam met ons al sy weldade sou besit. So put ons die lewe uit sy liggaam en bloed sodat dit tereg ons voedsel genoem kan word. Calvyn sê: “Die manier waarop dit geskied ... ek moet erken dat dit my verstand ver te bowe gaan.” Daarom sê hy ook in 'n ander geskrif dat hy die geheim van hierdie dinge beter kan ervaar as begryp.